**Hebreërs 7:25**
**Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos**

# Ark Blitz

In GOD se teenwoordigheid leer ons SY WIL ken

## Les 6 - IN GOD SE TEENWOORDIGHEID

*Maats lees: Eks 16:33 en 25:10-2; Lev 16:2-15; Num 17;Heb 9:4*

"n Gordyn van blou, pers en rooi wolstof en goedgeweefde linne het die Helige vertrek van die Allerheiligste vertrek geskei. Die gordyn is die voorhangsel genoem en op die gordyn was gerubs op geborduur. Gerubs was spesiale engele vir wie God 'n spesiale taak gee. Ons lees in Genesis nadat Adam en Eva gesondig het en uit die tuin van Eden uitgestuur het, het God gerubs aan die oostekant van die tuin laat staan om Die gerubs op die voorhangsel het die Israeliete daar aan herhinder dat enigeeen nie sommer in die Allerheiligste, in God se teenwoordigheid mag ingaan nie. Die Alerheiligste was soos 'n troon kamer. In die Allerheiligste was sien ons net een voorwerp. 'n Ark wat van doringhout gemaak is. 'n Ark was soos 'n soort houer in die Bybelse tyd. Noag se ark moes mense en diere moes binne hou. Die ark in God se huis het heeltemal anders gelyk en moes iets ander binne hou. Dit moes die plat klippe, met die Tien Gebooie daarop geskryf, hou asook, 'n kruik manna en Aäron se kierie wat amandelbloeisels gedra het. Die ark word genoem "ark met getuienis" of "verbondsark". Die ark was 1¼m lank en ¾mhoog en breed. Dit was oorgetrek met suiwer gouda an die binne-en buitekant. Net soos die 2 altare, moes daar ringe en draaghoute wees waarmee dit vervoer kon word. Bo-op die ark moes daar 'n goue deksel wees met 2 gerubs op die kante van die deksel. Hulle vlerke was uitgesprei sodat dit die deksel kon bedek. Hulle gesigte moes na mekaar wys en afkyk op die deksel. Aäron moes een maal per jaar ingaan met 'noffer en bloed op die deksel (ook versoendeksel genoem) sprinkle, m so versoening te doen vir die sondes van die volk. Die ark was ook die plek in die tabernakel waar God spesiaal teenwoordig was. Julle sal onthou dat toe die tabernakel klaar gemaak was, God se teenwoordigheid die tabernakel in die vorm van 'n wolk gevul het, en dat die tent so vol van die wolk was, dat Moses nie daar kon ingaan nie. Later was dit hier, by die ark binne-in die Allerheiligste, dat die Here self met Moses gepraat het. Eks 25: 22 sê: "Daar sal ek jou ontmoet. Ek sal met jou praat van die deksel af tussen die 2 gerubs uit wat op die ark met die getuienis is. Al my bevele vir die Israeliete sal Ek jou van daar af gee." So het dit dan gebeur, dat elke keer wanneer Moses in die tent van ontmoeting ingegaan het om met die Here te praat, hy die stem van die Here met hom hoor praat het vanaf die deksel, tussen die 2 gerubs deur. Die Bybel sê dat ons deur Jesus, wat mos die enigste ingang na die Vader is, met vrymoedigheid met God kan praat, soos 'n kind met sy pa. god wil met jou praat soos met Moses. Hy wil hê jy Homs al ontmoet. Ontmoet God op 'n spesiale manier deur aanbidding. Aanbidding is wanneer jy net aan God dink en mooi dinge vir Hom sê. **Jy is vandag die aardse woning vir die Hemelse Koning!!**

**Jesus is die hoëpriester wat Homself geoffer het**

'n Gordynvoorhangsel tussen die Heilige en Allerheiligste